## Jesus by die sinagoge in Nasaret

Lukas 4:14-30

Jesus begin bedien in Galilea en kom aan in Nasaret. Onthou dit is die dorp waarin Hy grootgeword het. Soos wat sy gewoonte was het Hy op die Sabbatdag (Saterdag) na die sinagoge toe gegaan en het Hy daar die mense geleer.

Dit was die gebruik dat daar beurte gemaak is in die sinagoge om uit die Skrif (Ou Testament) te lees. Jesus lees 'n profesie uit Jesaja 61:1-2; 58:6 en sê dat dit direk op Hom van toepassing is. Daardeur openbaar Hy nie net Wie Hy is nie, maar ook wat Hy kom doen het.

Hy sê dat Hy die Messias is. 'Messias' beteken dieselfde as 'Christus'. Dit beteken 'Gesalfde'. Hy is die Een wat deur God gestuur is om God se werk te kom doen. Dit is belangrik dat Hy dit sê omdat die mense daardie tyd 'n baie sterk verwagting en hoop gehad het dat die Messias sal kom om hulle te bevry.

Jesus kondig ook aan dat Hy gekom het om verlossing te bring, maar nie soos die mense verwag het nie. Hy kom vir die armes, die siekes, die gevangenes, die onderdruktes. Hy bring vryheid van sonde.

Die mense wou hê dat Hy vir hulle ook wonderwerke moet doen soos wat Hy op ander plekke gedoen het, maar hulle het Hom gesien groot word en moes eintlik reeds geweet het Wie Hy is. Hulle word kwaad omdat Hy die Boodskap bring vir almal gebring het, Jode en nie-Jode en nie net vir Nasaret nie, maar vir die hele wêreld.